# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**PROEFEKSAMEN**

**SEPTEMBER 2022**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 100**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit _7_ bladsye.**

**INLIGTING EN INSTRUKSIES:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Teks | (30) |
| AFDELING C: | Korter teks: Naslaan-,informatiewe en Transaksionele Tekste. | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.
7. Beplan jou tyd só:

   Afdeling A: 60 minute
   Afdeling B: 35 minute
   Afdeling C: 25 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.
9. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.
10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.
11. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.
12. Skryf netjies en leesbaar.
13. Vul jou buiteblad volledig in.

## AFDELING A: OPSTEL

**VRAAG 1:**

- **Kies EEN onderwerp en skryf 250 – 300 woorde oor die onderwerp.**
- **Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.**
- **Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan.**
- **Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**

**1.1 Is daar rassisme in ons skole? [50]**

**1.2 In 'n oogwink het my hele lewe verander. [50]**

**1.3 Hoe kan ons, ons land weer regruk? [50]**

**1.4 Dit was maar net 'n wit leuentjie! [50]**

**1.5 En so bou ons herinneringe... [50]**

**1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor.**
**Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.**

**LET WEL: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.**

**1.6.1**



[Bron: *news24.com*]



[Bron: *sapeople.com*] [50]

**1.6.2**



[Bron: *rollingstone.com*]



[Bron: *HealthyChildren.org*] **[50]**

**1.6.3**




© CanStockPhoto.com - csp93185208 **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50 PUNTE**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.
- Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Een van jou maats gaan emosioneel deur 'n baie moeilike tyd.

Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan jou maat waar jy hom/haar raad gee en verseker van jou ondersteuning. [30]

### 2.2 E-POS

Jy voel baie ongelukkig oor die onregverdigheid in jou skool. Sommige kinders kom altyd in die moeilikheid, terwyl ander wat dieselfde dinge doen, daarmee wegkom.

Stuur nou 'n E-POS aan die skoolhoof en kla oor hierdie verkeerde behandeling en die onregverdigheid daarvan.

Teken die FORMAAT hieronder in jou ANTWOORDBOEK oor en gebruik dit vir jou e-pos.

| | |
|---|---|
| AAN | |
| | |
| AA (CC) | |
| | |
| ONDERWERP | |
| | |

[30]

**2.3 HULDEBLYK**

**Jou Afrikaanse juffrou gaan aftree en wegtrek na 'n ander land. Die Afrikaanse klas het jou gevra om 'n huldeblyk by julle afskeidspartytjie te lewer.**

**Skryf die HULDEBLYK. [30]**

**2.4 DIALOOG**

**Jy het jou motorlisensie toets geslaag. Bel jou maat en vertel hom/ haar van die goeie nuus. Vertel ook van die ondervinding en wat jy moes doen.**

**Skryf die telefoongesprek tussen jou en jou maat in die vorm van 'n DIALOOG neer. [30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30 PUNTE**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.
- Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.

### 3.1 UITNODIGINGSKAARTJIE

Dit is binnekort jou 18de verjaardag. Jou ouers het ingestem om 'n groot partytjie vir jou te reël. Jou werk is om die uitnodigingskaartjie te skryf.

Skryf die UITNODIGINGSKAARTJIE om gaste na jou partytjie te nooi. [20]

### 3.2 DAGBOEKINSKRYWINGS

Jy het onlangs 'n Lottokaartjie gekoop en nogal baie geld gewen.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS oor hoe jy gevoel het ...

- die oomblik toe hulle die nommers op TV begin uitlees.
- die oomblik toe jy besef het jy het gewen. [20]

### 3.3 INSTRUKSIES

Jou maat wil sy/haar Afrikaanse punte verbeter. Gee instruksies oor wat hy/sy moet doen om sy/haar Afrikaans te verbeter.

Skryf die INSTRUKSIES puntsgewys en onder mekaar neer. Jy moet minstens sewe punte neerskryf. [20]

**TOTAAL AFDELING C: 20 PUNTE**

**SOMTOTAAL : 100 PUNTE**